5 September

Skrifgedeelte: Johannes 15:18-27
Fokusgedeelte: Johannes 15:24-25

# Jesus Christus is sonder rede vir ons gehaat

Om gehaat te word, om doelbewuste venyn en vyandskap teen jou persoonlik te beleef, is een van die slegste dinge wat met enige mens kan gebeur. Om sonder rede gehaat te word, is nog erger! Die Here Jesus het hierdie vernedering gely.

Daar was geen rede om Hom te haat nie. Die werke wat Hy gedoen het, en wat die Heilige Gees in Johannes se Evangeliebeskrywing laat opteken het, gee niemand enige rede om Hom te haat nie. Inteendeel, alles wat Hy gedoen het, was gemik op die tydelike en ewige welsyn van mense. Hoe kan jy Iemand haat wat feesvreugde skep, wat siekes gesond maak, wat honger mense kos gee, wat storms stil maak, wat dooies weer laat lewe, wat sy eie lewe aflê sodat ánder vir ewig kan lewe?

En tog was daar mense wat Hom gehaat het. Al het hulle sy werke, wat van sy grootheid en liefde getuig het, gesien, het hulle Hom bly haat. Hulle haat het so ver gegaan dat hulle Hom, deur die grootste onreg denkbaar, onskuldig die wrede kruisdood ingestuur het.

Maar ook hierdie haat het die Here Jesus vir ons gely. Ons, met al ons sondes, verdien dit eintlik dat ander ons haat. Maar ook hierdie deel van God se regverdige straf oor ons sonde het Jesus in ons plek klaar vir ons gedra. Daarom kan ons uitsien na die ewige bedeling waarin kinders van God eendag sal lewe – ’n wêreld vol van ware liefde en sonder enige haat.

Dit kan egter, solank ons nog op hierdie aarde lewe, gebeur dat ons as Christene deur ander mense gehaat word. Jesus berei ons hier daarop voor. Ons moet net oppas dat ons nooit deur ons optrede vir ander mense rede gee om ons te haat nie. As ons dan, terwyl ons die Here Jesus volg, tog sonder rede gehaat word, moet dit vir ons ’n bewys wees dat ons regtig aan Hom behoort (vs 19).

Sing: Skrifberyming 16/11-3:8, 9, 10

Ds SD Snyman (Pretoria-Magalieskruin)